Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Almaret du Toit**
Direktoraat: Kurrikulum AOO
almaret.dutoit@westerncape.gov.za | 021 467 2172

Lêerno.: 21/2/5/2/AFRIKAANS HL TRAINING
Verwysing: 20230824-7455

Kurrikulum AOO-minuut 0009/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Grondslagfase-vakadviseurs, Prinsipale en Departementele hoofde van gewone openbare skole

**Onderwerp: Bekendstelling van 'n gestruktureerde geletterdheidsprogram in Engels Huistaal wat op die wetenskap van lees in die Grondslagfase gebaseer is**

1. In 2019 het die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) besluit om 'n gedifferensieerde benadering tot Taal vir elk van die drie Huistale in die provinsie te volg. Dit is gebaseer op die uitslae van die sistemiese toetse vir 2011 tot 2019, asook die bevindinge van die 2016 *Progress in International Reading Literacy Study (PIRLS)*.

2. Grondige navorsing is oor die wetenskap van lees gedoen. Hierdie navorsing het gelei tot 'n besluit om 'n sintetiese benadering tot klankleer in die onderrig van lees in die Grondslagfase te volg.

3. In 2019 het die WKOD, in vennootskap met Universal Learning Solutions, die *Jolly Phonics*-program bekendgestel. Verdere opleiding oor die wetenskap van lees is nou nodig om die sintetiese benadering tot klankleer in die onderrig van lees en skryf te versterk.

4. Die doel van die opleiding is om lees en begrip in Engels Huistaal in die Grondslagfase te versterk. Dit vorm deel van die Wes-Kaap se leesstrategie en die WKOD se vyfjaar-strategiese plan.

5. Alle Graad 2-onderwysers in skole in spesifieke distrikte het in April 2023 opleiding ontvang.

6. Hierdie minuut dien om skole in kennis te stel dat graad 3-onderwysers in spesifieke distrikte ook in 2023 opleiding oor die wetenskap van lees sal ontvang, wat dan in 2024 geïmplementeer sal word.

7. Graad 3-onderwysers sal van 12 tot 14 Desember 2023 opleiding ontvang. Daar sal van alle graad 3-onderwysers, wat Engels Huistaal in die spesifieke distrikte onderrig, verwag word om die opleiding by te woon.

8. Distrikte sal die besonderhede en plekke waar hierdie opleiding sal plaasvind, vooraf bekendmaak.

9. Vir meer inligting, kom in aanraking met die Grondslagfase-koördineerder in die betrokke distrik:

| Distrik | Koördineerder | Tel. | E-pos |
|---|---|---|---|
| Metro-Noord | Jenny Daniels | 021 938 3044<br>084 388 5920 | Jennifer.Daniels@westerncape.gov.za |
| Metro-Suid | Vanessa Randelhoff | 021 370 2025<br>083 309 1383 | Vanessa.Randelhoff@westerncape.gov.za |
| Metro-Sentraal | Juanita van der Merwe | 021 514 6773<br>079 944 7536 | Juanita.vanderMerwe@westerncape.gov.za |

10. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle skoolbestuurspanne en Grondslagfase-onderwysers by hul skole te bring.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2023-08-29